**GESKIEDENIS**

**(VRAESTEL 1)**
**(PAPER 1)**

**JUNIE 2008**
**JUNE 2008**

TYD/TIME: 3 UUR/ HOURS
PUNTE/MARKS: 150

onderwys

Wes-Kaap Onderwysdepartement

# NASIONALE STRATEGIE VIR LEERDER PRESTASIE

# SENIOR SERTIFIKAAT

## JUNIE-EKSAMEN – 2008
## JUNE EXAMINATION - 2008

Hierdie vraestel bestaan uit **9** bladsye en **1** bylae.
This question paper consists of **9** pages and **1** annexure.

**VRAAG 1**

**Hoe het die besetting van Oos-Europa deur die Sowjetunie bygedra tot die spanning na die Tweede Wêreloorlog tussen die Westerse lande en Kommunistiese Rusland?**

**Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord.**

**1.1. Verwys na 1A**

1.1.1. Definieer die volgende begrip: Ystergordyn soos deur Winston Churchill aangehaal. (1x2) (2)

1.1.2. Hoe, volgens Churchill, was kommunistiese state ingestel in Oos en Sentraal Europa? (2x2) (4)

1.1.3. Verskaf bewyse uit die bron wat aandui dat die Oos-Europeseregering Ondemokraties was. (2x2) (4)

1.1.4. Noem enige twee lande in Oos-Europa wat onder die beheer van Rusland was. (2X1) (2)

**1.2. Verwys na Bron 1B**

1.2.1. Verskaf drie redes waarom Rusland Oos-Europa beset het. (3X2) (6)

1.2.2. Stalin beskryf die doel van Sowjet besetting as "vreedsaam". Stem jy saam / nie-saam nie. Verduidelik jou antwoord. (2X2) (4)

1.2.3. Vergelyk bronne 1A en 1B en dui aan hoe hulle mekaar werspreek of ondersteun. (2x2) (4)

**1.3. Verwys na Bron 1C**

1.3.1. In die bron word die Weste vreedsaam voorgestel deur die spotprent tekenaar en die Sowjetunie as die aggressor.

(a) Stem jy saam met die stelling? (1x1)
Verduidelik jou antwoord. (1x2) (3)

(b) Onttrek bewyse uit die spotprent om te bewys dat hierdie bron bevooroodeel is teenoor die USSR. (5)

1.3.2. Watter een van die volgende bronne (Bron 1A of 1B), sou Bron C ondersteun? Verduidelik jou antwoord. (2X2) (4)

1.4. Deur gebruik te maak van al die bronne en jou eie kennis, skryf ’n paragraaf van ongeveer 8 lyne waarin jy die Sowjetunie se besetting van Oos-Europa kritiseer of regverdig. (8)

**1.5. Uitgebreide Skryfstuk (Die lengte van die opstel moet ongeveer twee bladsye wees)**

1.5.1. Verduidelik hoe die Sowjetunie se besetting van Oos-Europa beskou kan word as die belangrikste rede vir die vyandigheid tussen die twee supermoondhede en hul bondgenote . (30)

**OF**

1.5.2. Verduidelik die verskillende perspektiewe (sienswyse) oor die Sowjetunie se besetting van Oos-Europa en die Amerikaanse pogings om die Sowjetunie se invloed in Wes – en Sentraal Europa te stuit of teen te staan. (30)

/**75**/

**VRAAG 2**

**Wat was die bedreigings wat die onafhanklike Afrika-state moes trotseer ten opsigte van die ontwikkeling en groei van demokratiese regerings?**

**Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C om die volgende vrae te beantwoord.**

**2.1. Verwys na Bron 2A**

2.1.1. Noem die uitdagings, volgens Taylor, wat die nuwe state oorgeerf het van die koloniale regerings. (3x2)(6)

2.1.2. Volgens Taylor, wat was die sleutel strategië vir ekonomiese ontwikkeling? (2x1)(2)

2.1.3. Dui aan in jou eie woorde hoe die politieke elite die bronne van die staat gebruik het om hulself te verryk om sodoende politieke steun te verwerf. (3X2)(6)

**2.2 Verwys na Bron 2B**

2,2,1. Hierdie bron verskaf twee eksterne redes vir die mislukking van 'n stabiele demokratiese vorm van regerings se ontwikkeling in onafhanklike Afrika. Identifiseer hierdie faktore. (2x2)(4)

2.2.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om die interne bedreigings vir demokrasie in onafhanklike Afrika te identifiseer. (2x2)(4)

2.2.3. Watter bewyse is daar in die bron wat aandui dat demnokrasie wel 'n toekoms in Afrika het. (3X2)(6)

2.2.4 Vergelyk Bronne 2A and 2B. In watter opsig is hulle verskillend en dieselfde (2x2) (4)

**2.3. Verwys na Bron 2C**

2.3.1 Watter redes verskaf die bron vir Nkrumah se lot? (3x2)(6)

2.3.2. Volgens die bron was Nkrumah deur die militêre mag omvergewerp. Gee die term/begrip wat die aksie beskryf. (1x2)(2)

2.3.3. Skryf 'n paragraaf van ongeveer 5 lyne om te bepaal hoe bruikbaar hierdie bron is om ons in te lig oor die uitdaagings van demokratiese ontwikkeling in Afrika. (5)

**/45/**

**2.4. Uitgebreide Skryfstuk (Die lengte van die opstel moet ongeveer twee bladsye wees)**

2.4.1. Verduidelik die uitdagings en dreigemente wat lande in post- koloniale Afrika ervaar het. (30)

**OF**

2.4.2. Die mislukking om demokratiese regeringsvorm in Afrika te behou in post-koloniale Afrika kan toe geskryf word aan die nalating van kolonisasie en ongesonde politieke praktyke van Afrika leiers.

Stem jy saam met bogenoemde stelling? Gebruik die bronne en jou eie kennis om die stelling te bespreek.

(30)
/**75**/

**VRAAG 3**

**Hoe het die strategieë van die Burgerregte-bewegings in die Suide van Amerika verskil van die in die stede en industriële noorde?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1. Verwys na Bron 3A

3.1.1 Wat was die algemene doel van Dr. King and Malcolm X? (3X1)(3)

3.1.2. Dr. King was ''n voorstaander van intergrasie , terwyl Malcolm X segregasie voorgestaan het.

(a) Hoe sal jy die twee begrippe definieër in die konteks van die beweging vir burgerregte in die VSA? (2X2)(4)

(b) Verduidelik breedvoerig waarom Martin Luther King en Malcolm X verskillende metodes gebruik het om dieselfde doel te bereik? (4+4)(8)

3.1.3. Jy is 'n jong Afrikan-Amerikaan in die 1960's. Gebruik die bron om te verduidelik waarom jy verkies om by 'n organisasie aan te sluit wat "integrasie" of "segregasie'' voorstaan. (8)

3.2. Verwys na Bron 3B

3.2.1 Verskaf een rede waarom die "Black Panthers" die tradisionele burgerregte beweging afgelas het. (1X2)(2)

3.2.2 Die meeste wittes het die "Black Panthers" as 'n ekstremistiese en geweldadige groep swart kriminele gesien. Gebruik die bron en jou eie kennis om vas te stel of die stelling regverdig was. (6)

3.2.3 Hoe bewys die projekte wat die Swartmagbeweging ingestel het hul vasberadenheid om armoede te bekamp en om swart Amerikaaners op te hef. (2X2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C

3.3.1 Neem bewyse uit die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die FBI (die hoogste polisiemag outoriteit in die VSA) vir Newton en sy vriende in die ''Black Panthers Movement'' uit wys as openbare vyand nommer een. "Public Enemy One? (2X2) (4)

3.3.2 Die foto bevat simbole wat geassosieer word met die idees van van die Swartmagbeweging ("Black Power Movement''). Identifiseer en verduidelik 'n paar van die simbole en wat dit verteenwoordig. (2x3) (6)

**/45/**

**3.4 Uitgebreide Skryfstuk (Die lengte van die opstel moet ongeveer twee bladsye wees)**

3.4. 1 Verduidelik hoe die Burgerregte Beweging in die VSA, suksesvol was om demokratiese regte vir alle Afrika-Amerikane te verseker. (30)

**OF**

3.4.2 '… Dr. Martin Luther King Jr. en Malcolm X, het verskillende metodes gevolg om vryheid te verseker; Die een het die metode van nie-geweld gebruik , terwyl die ander een bereid was om van enige metode gebruik te maak om vryheid te verseker.

Gebruik die inligting in die bronne en jou eie kennis om die stelling te bespreek. (30)

**/75/**

## VRAAG 4

**Hoe het die Swartbewustheidsbeweging in Suid-Afrika herlewing gegee aan die gees van weerstand onder die onderdruktes in die laat 1960's en watter legendes het hulle nagelaat?**

**Bestudeer Bronne 4A, 4B, and 4C en beantwoord die volgende vrae.**

**4.1 Verwys na Bron 4A**

4.1.1 Wat, volgens Biko, het witmense weerhou om veranderinge in Suid-Afrika te bewerkstellig? (1x2) (2)

4.1.2 Wat, volgens Biko, was die enigste uitweg vir die swartes om wit rasisme teen te staan? (1X2) (2)

4.1.3 Tot watter mate sou jy saam stem of nie saam stem met Biko se teorië. (Onthou dat Biko hierdie stellings in die 1960's en 1970's gemaak het) (2x2) (4)

4.1.4. Biko skryf: *…wit rasisme .. deurloop ons samelewing ...'* Dink jy dat dit nog steeds na 14 jaar, van demokrasie en vryheid, die geval is? Verduidelik jou antwoord. (5)

**4.2 Verwys na Bron 4B**

4.2.1. Jonathan Jansen ondervind ontneming en vernedering tydens apartheid. Noem die voorbeelde waarna hy verwys. (2x2) (4)

4.2.2 Verduidelik die verskil tussen 'n negatiewe/onderdrukte identiteit en positiewe Identiteit.. (2x2) (4)

4.2.3 Die Swartbewussyn het aan Jonathan Jansen 'n positiewe "Swart" identiteit verskaf in plaas van 'n "Kleurling" een. Hoe sal dit vir hom en sy vriende bemagtig? (2x2) (4)

4.2.4 Die title van die artikel lees as volg: "*Racial boxes keep us trapped*" – (Rasistiese kategorië hou ons gevange). Gebruik al die bronne en jou eie kennis oor Swartbewussyn om die stelling te verduidelik. (6)

4.2.5 Die skrywer haal Biko se bekende wooorde aan: "swartman jy is op jou eie". Gebruik al die bronne en jou eie kennis om die stelling te verduidelik / interpreteer. (6)

**4.3 Verwys na Bron 4C.**

4.3.1 Op die plakkaart verskyn een van die belangrikste idees van die Swartbewussynbeweging. Skryf 'n paragraaf van ongeveer 8 lyne oor die doel en betekenis van die boodskap. (8)

/**45**/

**4.4 Uitgebreide Skryfstuk (Die lengte van die opstel moet ongeveer twee bladsye wees)**

4.4.1 Bespreek die filosofie van Swartbewussyn wat in Suid-afrika in die laat 1960's ontstaan het en verskaaf voorbeelde van die projekte wat deur hulle ingestel was, in hul poging om die onderdrukte swartmense se lewens te verbeter.

(30)

**OF**

4.4.2 Swartbewustheid as 'n ideologie was rasisties en diskriminerend. Stem jy saam met die stelling. Gebruik al die bronne en jou eie kennis om jou antwoord te regverdig. (30)

/**75**/